NUUSBRIEF 3

13 FEBRUARIE 2025

# BELANGRIKE DATUMS

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die belangrike datums.

# GRAAD 1-INSKRYWINGS 2026

Dit is vir ons aangenaam om u in kennis te stel dat aansoeke vir Graad 1 (2026) nou oop is.

Ons moedig alle belangstellende ouers aan om hul aansoeke so gou moontlik in te dien, verkieslik voor 20 Maart 2025, wanneer die eerste korrepondensie ten opsigte van die evaluering aan ouers gestuur word. Deur betyds aansoek te doen, help u om enige administratiewe prosedures en voorbereidings betyds af te handel, wat die proses vir u en u kind gemakliker maak.

Om aansoek te doen, besoek asseblief MCP TOELATINGS vir gedetailleerde inligting en instruksies om die aanlyn aansoek te voltooi.

Vir enige navrae of hulp met die aansoekproses, kontak asseblief die toelatingskantoor (Corrie Burger corrieb@midstreamcollege.co.za of 012 9409122).

# ONS BID

Dear God,
For the Grade TWO's this week:
We pray for **T**rust—help us to trust in You, in our teachers, and in ourselves as we learn and grow.
We pray for **W**ell-being—bless us with good health, happiness, and the energy to enjoy every day.
We pray for **O**ptimism—help us to see the good in every situation and be hopeful, even when things are hard.
Please keep us safe, happy, and full of curiosity as we learn new things.
Thank You for Your love and care.
Amen.

**Ons bid vir ons graad 3's**
Hemelse God
Ons dank U vir hierdie wonderlike kinders.

Ons vra dat U hulle op drie spesiale maniere sal seën:

1. **Goeie Vriendskappe**: Mag hulle liefdevolle en ondersteunende vriendskappe bou wat hulle help om saam te groei en vir mekaar om te gee.
2. **Leergierigheid**: Vul hulle harte met nuuskierigheid en vreugde om te leer, sodat hulle elke dag nuwe dinge ontdek.
3. **Selfvertroue en Krag**: Gee hulle die moed om nuwe dinge te probeer, in hulleself te glo, en altyd hul beste te doen.

Ons bid dat U hulle sal lei in alles wat hulle doen. Amen.

# GRAAD 8-AANSOEKE 2026

Graad 8-inskrywings vir 2026 is tot 28 April 2025 oop. Indien u kind by Midstream College gaan inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen.
Besoek asseblief die Midstream College-webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn toelatingsvorm.

Vir enige toelatings navrae kontak me. Anique van Zyl (AniqueV@midstreamcollege.co.za).

# NETBAL

**Proewe:**
Spanproewe sal Saterdag 15 Februarie plaasvind:
o. 11: 08:00 – 09:00
o. 12: 09:00 – 10:00
o. 13: 10:00 – 11:00

o. 13 Toerspanproewe sal Maandag 17 Februarie plaasvind.

**Oefening:**
Alle o. 8- tot o. 13-oefeninge sal gedurende kwartaal 1 slegs op ʼn Dinsdag en Donderdag wees.
Vanaf kwartaal 2 sal oefeninge op ʼn Maandag, Dinsdag en Donderdag plaasvind.

- o. 10- tot o. 13-oefeninge begin op 18 Februarie
- o. 7-oefeninge begin op 24 Februarie
- o.8- en o.9-oefeninge begin op 25 Februarie

Die oefentye en belangrike datums sal op die webwerf beskikbaar wees.

# SPORT- EN KULTUURFOTOBESTELLINGS

Alle sport- en kultuurgroep/spanfoto’s van 2024 is nou beskikbaar om te bestel.

1) Besoek www.sanetphotography.co.za.

2) Kies Sport & Kultuur foto’s.
3) Kies Midstream College.
4) Wagwoord: midstream2025
5) Kies u kind se groep/span om na die bestelvorm te gaan.
6) Enige navrae, e-pos asb.: info@sanetphotography.co.za
7) Sluitingsdatum: 28 Februarie 2025

# SPORTUITSLAE

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die sportuitslae.

# VALENTYNSDAG

Vrydag is Valentynsdag. Alhoewel ons nie ten gunste van tradisionele Valentynsdag-vieringe is nie, moedig ons die leerders wél aan om spesifiek op hierdie dag verdraagsaaamheid, hulpvaardigheid en eensgesindheid teenoor mekaar te openbaar. Leerders is ook welkom om ietsie pienk of rooi in hul hare, as dasse of sokkies te dra. Ons sien uit na 'n dag van opregte Midstream-liefde en positiwiteit!

# TJELLO EN VIOOL LESSE

Voltooi asseblief die aansoekvorm indien u kind belangstel om tjello- of vioollesse te neem.



# ED-ADMIN MULTI PORTAL APP LAAI DIE NUUTSTE SKOOL APP AF

Ons vra dat u die ED-ADMIN APP op u foon sal aflaai en registreer. Die nuusbriewe en ander belangrike inligting, asook huiswerk sal binnekort net op dié app beskikbaar wees. Vir toegang tot die Leerderpoort op die app gebruik slegs die moeder se e-posadres. Beide ouers se e-posadres kan gebruik word om vir die Ouerpoort op die app te registreer. Aktiveer asseblief "notifications" vir die Ed-Admin app op u foon.




# WEERLIGBELEID

Ouers neem asseblief kennis van skool se weerligbeleid, en die protokol rakende die volg daarvan. U sal dalk geduldig moet wag vir u kind/ers om by die parkeerterrein aan te kom, sou daar weerlig wees.

Druk asseblief op die skakel vir die weerligbeleid.

# "PLANKIEBRAAI"

Kom geniet 'n EERSTE vir 2025 en vir manne van Midstream. Kom kuier saam om die vure by ons PLANKIEBRAAI! Nooi jou vriende en kom deel in 'n heerlike aand. Ingesluit: 'n Fantastiese seremoniemeester, plankie, biefstuk, speserye, pap en sous. Manne, kom ons steek die gemeenskapsvure saam aan!



## TUCK IN

Vir u gerief moet aanlynbestellings voor middernag van die dag wat die bestelling benodig word, geplaas word. Ons berei die bestelling die volgende oggend voor en lewer teen 9:00 die bestellings af by die graad 1- tot 3-leerders se klaskamers. Die graad 4- tot 7-leerders kom haal hulle bestellings af by Tuck In vanaf 10:00.

**SCAN THIS QR CODE**

TUCK IN

TO GO TO OUR ONLINE SHOP

## OPEN DAY

Fantastiese Nuus! MCP Opedag is om die draai! Kom kuier by ons deur jou toer op ons webblad te bespreek. Ons kan nie wag om jou te ontmoet nie.




**#MCPTROTS #MCPFORLIEFE #MCPNEXTLEVEL**